



**“Vrede laat Ek vir julle na; My vrede
gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek
vir julle gee, is nie die soort wat
die wêreld gee nie. Julle moet nie
ontsteld wees nie, en julle moet nie
bang wees nie.”**

Johannes 14:27

Oktober 2021

1 Gaza

Bid vir die klein aantal Christene wat in Gaza oor is – volgelinge van Jesus wat blom waar hulle geplant is. Bid dat hulle die moed en geloof sal hê om te midde van uitdagende omstandighede h gelowige lewe te lei.

2 Arabiese Skiereiland

Die konsep van h Bybelse huwelik is vir nuwe gelowiges h uitdaging om te verstaan, omdat dit baie verskil van h Islamitiese huwelik. Bid vir wysheid vir gelowiges om hierdie uitdaging te hanteer. Bid vir Goddelike ingryping met gereelde huwelike vir geheime gelowiges.

3 Saoedi-Arabië

h Christen-rolmodel is van groot hulp vir nuwe gelowiges. Iemand wat hulle kan lei, uitdaag, vertrous en bemoedig. Bid dat tien sulke persone spoedig in Saoedi-Arabië na vore sal kom.

4 Libanon

Bid dat jongmense wat hard gewerk het om die gebied rondom die Beiroet-hawe te herstel, toegelaat sal word om meer verantwoordelikheid te neem in die nuwe Libanon en om saam met die res van die bevolking te werk om die land weer as h eenheid te herstel.

5 Soedan

Ondanks die oorgangsregering se verbale onderneming om godsdiensvryheid vir almal te verseker, ervaar Christene steeds beperkings in die daaglikse uitdrukking van hul geloof. Bid vir wysheid vir die

(Soedan vervolg)

regering namate hulle probeer om die lewens van alle Soedanese te verbeter en dat hierdie brose demokrasie die geleentheid sal hê om in krag te groei.

6 Nigerië

Toe Hannatu Ezra* en haar familie in 2017 uit Boko Haram se gevangenskap probeer vlug het, is twee van haar kinders doodgeskiet. Sy ervaar steeds die trauma van haar verlies en twee jaar se aanhouding. Bid dat die Here vir haar en haar oorblywende kinders h manier sal voorsien om Geopende Deure se traumasentrum te besoek.

7 Bhoetan

Die Covid-19-reisbeperkings maak dit vir Geopende Deure se plaaslike vennote moeilik om programme vir hul beplande datums te organiseer. Bid dat God hulle sal help om programme veilig en op die regte tyd uit te voer.



8 Nepal

Tydens die skryf hiervan het die aantal Covid-19-gevalle weer begin toeneem. Bid vir God se genesing in Nepal, asook vir die veiligheid en beskerming van Geopende Deure se plaaslike vennote en hul familieledede, tydens die pandemie.

9 Mianmar

Die huidige militêre staatsgreep het tot groot onrus in die land gelei. Baie mense het betoog en hul lewens verloor. Talle is deur die sterftes en geweld getraumatiseer. Bid vir die herstel van h regverdige regering en verdraagsaamheid. Bid ook vir emosionele genesing vir die mense van Mianmar.

10 Irak

Baie vroue en jong meisies word geteister of misbruik, en is nou uitgeworpenes. Bid dat die internasionale owerhede hul situasie ernstig sal opneem. Bid dat die Kerk hulle met ope arms sal verwelkom en diegene wat in stilte swaarkry, sal vertroos.

11 Sirië

Ranim* is h Moslem-tienermeisie wat aan h opleidingsprogram by een van die Sentrums van Hoop in die ooste van Sirië deelgeneem het. Haar broer weier dat sy langer kerk toe gaan en dwing haar om h *hijab* te dra. Bid vir Ranim en talle ander meisies soos sy.

12 Burkina Faso

Toe jihadistiese Isayah* se dorp besoek het, het hulle gewaarsku dat elkeen na Islam moet omskakel of doodgemaak sal word. Isayah het die moeilike besluit geneem om met sy familie te vlug. Hulle het gesukkel om te oorleef. Gelukkig het hulle noodleniging vanaf Geopende Deure ontvang. Bid dat God vir Isayah h geleentheid sal skep om h inkomste vir sy familie te verdien.

13 Sentraal-Afrikaanse Republiek

Bid vir die Here se voortgesette voorsiening vir Sy kinders te midde van verhoogde kommoditeitspryse. Bid ook dat God gunstige boerderytoestande sal skep, sodat mense nie meestal afhanklik sal wees van gekoopte voedsel nie. Vra asseblief ook vir God om in te gryp in die veiligheidsituasie.

14 Indië

Hindoe-ekstremiste samel in baie dorpe geld in vir Hindoe-tempels. Christene wat nie bydra nie, staan ernstige teenkanting in die gesig. Bid vir hulle om sterk te staan in hul geloof en vra God om te verhoed dat ekstremiste druk op hulle plaas.

15 Mauritanië

Daar is h streng afvalligheidswet in Mauritanië wat vir nuwe gelowiges tot die doodstraf kan lei. Bid dat hierdie wet afgeskaf sal word, maar ook dat gelowiges sal ervaar dat hul vryheid in Christus baie groter is as die vrees vir h wet.

16 Laos

Gelowiges van die Akha-stam het baie min kennis oor God en hul geloof in Jesus Christus is nog nuut. Hulle het dringend leiers nodig om die res van die mense in hul stam te onderrig. Bid dat God iemand van dié gemeenskap sal kies wat in staat is om die stam te onderrig en na God te lei.

17 Sri Lanka

Daar is h toename in die vervolging van Christene in Sri Lanka. Verslae oor teenkanting teen kerke en gelowiges raak al meer algemeen. Bid dat die Kerk in Sri Lanka versterk sal word om te midde van hierdie teenkanting sterk te staan.

18 Noord-Korea

Terwyl die pandemie aanhou om reise en

(Noord-Korea vervolg)

byeenkomste te beperk, word Geopende Deure se werk om voorrade aan Christene vanuit Noord-Korea te verskaf, deur ons netwerke in China, al moeiliker. Bid dat God deure vir die aflewering sal oopmaak en dat Hy elke fase sal beskerm en lei totdat die ontvangers die items gekry het.

19 Algerië

Kerksluitings bemoelik die lewe vir geïsoleerde gelowiges, omdat hulle nie saam met ander gelowiges bymekaar kan kom vir ontvlugting nie. Bid dat die Heilige Gees hulle sal bedien terwyl hulle na samesyn met ander gelowiges smag.

20 Israel

Die wantroue en haat tussen verskillende godsdienstige en etniese groepe het weens die pandemie bly groei. Die feit dat mense weens verskeie redes nie ingeënt wil word of maatreëls wil toepas om besmetting te vermy nie, lei tot verdere vyandigheid. Bid vir vrede in hierdie land.

21 Colombië

Bid vir pastore in landelike Colombië, wat werk op naburige plase moes soek en gevolglik min tyd vir hul bediening het. Bid vir voorsiening en bemoediging vir hulle en hul families.

22 Latyns-Amerika

Bid dat die inligting wat bekom word met behulp van vraelyste vanaf pastore



Bid vir pastore in Colombië wat op naburige plase moes begin werk om vir hulle families te voorsien.

(Latyns-Amerika vervolg)

in die vervolgte Kerk, ons sal help met ons beplanning vir die volgende vier jaar. Bid vir wysheid vir ons span wanneer hulle dié inligting gebruik om planne te implementeer om die Kerk in die streek by te staan.

23 China

Prys God dat die huidige vlaag van vervolging nie die kerke afgeskrik het van hul betrokkenheid by oorsese sendings nie. Bid vir meer bewustheid onder Chinese kerke oor die situasie van vervolgte gelowiges wêreldwyd, en dat hulle sal aanhou om God te vra hoe hulle die vervolgte Kerk kan dien.

24 Viëtnam

Poh*, 'n Hmong-gelowige, is deur sy pa aangeval omdat hy sy geloof met vrymoedigheid verkondig het. Hy, sy vrou, Mai*, en hul twee kinders is gedwing om hul dorp te verlaat. Bid dat God sal voorsien in Poh en sy gesin se behoeftes en dat hy 'n stabiele inkomstebron sal kry.

25 Sentraal-Asië

Toe Kalamat* se man haar en hul ses klein kindertjies verlede jaar verlaat het, het sy hulle amper na 'n weeshuis gestuur en haar eie lewe geneem omdat sy nie vir hulle kon sorg nie. Geopende Deure se plaaslike vennote kon haar egter besoek met kos, het vir haar gebid en die Evangelie met haar gedeel. Sy het Jesus aangeneem. Bid vir haar veiligheid as 'n gelowige tussen Moslems.

26 Oesbekistan

Toe drie ondergrondse kerke gesluit is, het drie families vanuit 'n Moslem-agtergrond hul huise vir byeenkomste oopgestel. Hulle moes egter ophou weens druk van hul Moslem-familieede en gemeenskappe. Dié huiskerke was van kardinale belang vir

(Oesbekistan vervolg)

plaaslike gelowiges. Bid dat hierdie kerke die geleentheid sal kry om weer bymekaar te kom.

27 Suid-Filippyne

Bid vir bevryding van die pandemie, armoede, politieke terreur en onderdrukking, wat die Kerk erg beïnvloed. Bid ook vir kerkleiers sodat God hulle wysheid sal gee om hul gemeentes te lei.

28 Maledives

Bid vir Geopende Deure-vennote in aangrensende lande wat 'n hart vir die Maledives het. Hulle het al baie werk gedoen om Malediviese gesinne wat in hul lande bly, te help. Bid dat hulle toegerus en versterk sal word terwyl hulle dié mense dien.

29 Broenei

Hou aan om vir die leiers van Broenei te bid – sodat God se wil deur hulle sal geskied. Bid vir die koninklike familie, waar die sultan die hoogste vlak van mag in die land het.

30 Indonesië

Sommige radikale Islamitiese bewegings probeer al vir dekades om die Sjaria-wetgewing af te dwing, maar dit het misluk. Bid dat, ongeag hoe erg mense dit probeer afdwing, geen bose sameswering teen God se mense sal seëvier nie. Bid dat gelowiges niks sal vrees waar hulle as God se getuies tussen Moslems woon nie.

31 Palestynse Grondgebiede

Bid vir die doeltreffendheid van die onderskeie sosiale media-platforms wat geleenthede skep om bymekaar te kom en te leer. Hoewel die pandemie mense se vryheid van beweging beperk, skep dit ook geleenthede om aanlyn met medegelowiges bymekaar te kom.



1 Uganda

Sedert die dood van haar Moslem-man in 2016, leef Anandi* onder God se genade. Haar Christen-familie het haar en haar jong dogter verwerp omdat sy met 'n Moslem getrou het. Bid dat Anandi en haar dogter God sal leer ken as hul enigste voorsiener en beskermmer.

2 Zanzibar

Rosa* verkoop vars produkte vanaf hul grond. Moslems in hul gemeenskap weier egter om haar onderneming te ondersteun. Vroeër vanjaar het 'n groep Moslems hul vrugtebome verwoes en 30 van hul hoenders gesteel. Bid dat die Here Sy guns aan Rosa en haar onderneming sal bewys, sodat dit 'n manier vir haar sal word om die Evangelie te deel ondanks teenkanting.

3 Colombië

Fasiliteerders is ons stem in Colombië. Hulle is pastore wat kontak maak met kerke in hul streke, en ons dan inlig oor enige moeilike situasie wat 'n kerk of pastoor ervaar. Bid dat God hierdie pastore en hul families sal bystaan, en dat Hy in al hul behoeftes sal voorsien terwyl hulle die Kerk dien.

4 Irak

Prys die Here vir die Kerk in Irak en die manier waarop dit mense bystaan, asook vir mense in Irak wat uiters toegewyd is en, ondanks alles wat hulle deurgemaak het, nie opgee nie. Bid dat God sal aanhou om die Kerk in Irak by te staan terwyl hulle Christus se lig te midde van probleme laat skyn.

5 Libanon

Daar gaan selde 'n dag in Libanon verby sonder slegte nuus, wat hierdie bevolking laat hoop verloor. Bid vir die mense van Libanon, dat hul harte van haat na liefde

(Libanon vervolg)

sal verander en dat gelowiges aan die hoop in Christus sal vashou ondanks hul omstandighede.

6 Bhoetan

Hoewel daar geen druk van die regering is nie, ontmoedig die dorpsleiers in landelike gebiede mense onder die voorwendsel van Covid-19 om bymekaar te kom en te bid. Bid dat die gelowiges in staat sal wees om bymekaar te kom en saam te bid, terwyl hulle die Covid-19-protokol nakom.

7 Mianmar

Bid vir gelowiges wat die vervolgings-voorbereiding-opleiding van Geopende Deure bygewoon het. Bid dat hulle dit wat hulle geleer het, sal kan toepas en die lesse met ander gelowiges kan deel, veral gedurende hierdie uitdagende tyd in dié land.

8 Viëtnam

Drie maande nadat Yen* en sy vrou tot Christenskap bekeer het, het hul familieledes en die ander dorpsmense daarop aangedring dat hulle hul huis verlaat en nooit weer na die dorp terugkeer nie. Bid dat God aan Yen se gesin vrede sal gee en dat hulle sal aanhou om op Hom te fokus.

9 Nepal

Nita word weens haar geloof in Christus fisies en geestelik mishandel deur haar man. Bid dat God haar krag sal gee om die vervolging te verduur, en dat Hy haar man se hart sal verander en hy Sy genade sal ervaar.

10 Tanzanië

Isaac* (29) het sy lewe vroeër vanjaar aan Christus gewy. Toe hy die nuus met sy broer deel, het dié hom uit die huis

(Tanzanië vervolg)

gejaag en hom gewaarsku dat hy hom sal doodmaak as hul paaië ooit weer kruis. Bid vir Isaac en sy pastoor, wat hom bystaan, se veiligheid. Mag die Here hulle en die kerk veilig hou.

11 Kenia

Rogo* is 'n straatmouss en 'n Gelowige vanuit 'n Moslem-agtergrond. Nadat hy Jesus aangeneem het, het sy vrou al die goedere wat hy by die mark verkoop en hulle kind gevat en hom verlaat. Bid dat Rogo deur die Heilige Gees vertroos sal word en op Hom sal vertrou vir sy bekommernisse en behoeftes.

12 Sirië

Aanlyn opleidingskursusse is 'n uitdaging vir die Siresiese Kerk omdat die Internet en elektrisiteitstekorte probleme skep. Bid dat hierdie struikelblokke oorkom sal word en dat die kursusse vrugbaar vir die studente sal wees en hulle sien vir dienaars in die kerke.

13 Iran

Bid vir die jeug, wat baie uitdagings ervaar weens die ekonomiese situasie en hoë vlakke van werkloosheid. Dit kan daartoe lei dat baie jeugdiges hoop verloor vir die toekoms. Bid vir nuwe inisiatiewe om hierdie groep te bedien, sodat hulle hulle doel en vervulling in hul geloof sal vind.

14 Indië

Baie pastores en leiers, insluitende sommige van Geopende Deure se plaaslike vennote, het weens Covid-19 met hul lewens geboet. Bid vir hul familieledes se beskerming. Bid dat God hulle sal vertroos en met Sy hoop vir die toekoms sal vul.

15 Suid-Filippyne

Islam is die meerderheidsgeloof in die Suid-Filippyne, veral in plekke soos

(Suid-Filippyne vervolg)

Mindanao. Daarom het ons plaaslike vennote met navorsing begin om te bepaal of burgers van Mindanao wat in ander dele van die Filippyne bly, ook vervolging weens hul geloof ervaar. Bid vir God se leiding oor waarheen om te gaan en met wie om onderhoude te voer.

16 Maledives

Baie Malediviërs reis na Indië en Sri Lanka vir mediese redes en hul kinders se opvoeding. Bid dat Christene in hierdie lande h seën sal wees vir Malediviese Christene wat in nood is. Bid ook dat hulle h lig vir die buitelanders in hul lande sal wees.

17 Broenei

Daar is slegs h handvol kerke in Broenei. Bid dat die leiers en kerke h manier sal vind om gelowiges in Broenei te verenig sodat die Kerk versterk kan word. Bid dat die Gees van God gelowiges se harte sal vul en kragtige en wonderbaarlike werk in die nasie sal doen.

18 Sri Lanka

h Pastoor in die noordelike provinsie van Sri Lanka is vanjaar op die aand van Goeie Vrydag aangerand en beseer. Hy is in die hospitaal opgeneem vir behandeling, en het dowwe visie en h gelui in sy ore ervaar. Bid vir hom terwyl hy die trauma van die gebeure verwerk.

19 Sentraal-Asië

Oram* is h sekuriteitswag. Sy werkgewer het alles in sy vermoë gedoen om hom te oorreed om van sy geloof afstand te doen. Hy kry sy salaris laat, word net gedeeltelik betaal en daarvan beskuldig dat hy van die maatskappy steel. Hy worstel met die vervolging. Bid vir sy emosionele welstand en geloofsgroei.



20 Saoedi-Arabië

In Saoedi-Arabië is die aantal depressie lyers tot drie keer soveel as die wêreldwye gemiddeld. Baie van hulle sukkel en roep tot God vanuit hul alleenheid, isolasie en diep hartseer. Bid vir Saoedi-Arabië om hiervan genees te word en om toegang tot hulpbronne te kry om hul depressie te behandel.

21 Marokko

Tydens die skryf hiervan het Weam* se familie hom in h psigiatriese hospitaal laat opneem omdat hy h gelowige geword het. Bid vir sy vrylating en dat die Heilige Gees hom sal bedien terwyl hy vervolging van sy familie ervaar.

22 Tunisië

Nabil* het meer as h jaar gelede aan Islam begin twyfel en h Christen geword. Ná sy bekering het hy gekies om sy broer te vergewe wat hom as kind geterroriseer het, alhoewel hy steeds baie seer het. Hy vra dat ons vir hom bid terwyl hy deur sy trauma werk.

23 Niger

Dembe*, h Gelowige vanuit h Moslem-agtergrond, het talle dreigemente van sy

(Niger vervolg)

skoopna en die dorpshef ontvang. Hy het egter geweier om Christus te versaa. Hy en sy aanstaande vrou moes toevlug vind by h plaaslike kerk. Bid dat Dembe na sy dorp sal kan terugkeer en dat die harte van sy skoopna en die dorpshef wonderbaarlik sal verander sodat hulle Christus kan ontvang.

24 Noord-Korea

Sowat 50 000 tot 100 000 gelowiges is na beraming in die tronk of h uitgesette gebied weens hul geloof. Bid dat diegene wat die ergste vervolging weens hul liefde vir Jesus ervaar, in staat sal wees om die smart te verduur deur die krag waarmee God hulle toerus.

25 Oesbekistan

Batyr* moes sy tuisland verlede jaar vir werk verlaat. Sy vrou, Mira*, en hul vier kinders het vanjaar by hom aangesluit. Hulle het beplan om God se ambassadeurs te wees in hul Moslem-familie, maar bly nou in h ander land. Bid dat Christene wat by hul Moslem-familieledede, -vriende en -bure agtergebly het, getuienisse sal wees.

26 Mosambiek

In Mosambiek is miljoene vlugtelinge en mense wat plaaslik ontwortel is weens gewapende geweld in sub-Sahara Afrika. Bid dat God diegene wat deur die geweld getraumatiseer is sal vertrous en genees.

27 Laos

Sedert Somkhit* (38) en Anida* (36) se gemeenskap in 2018 uitgevind het dat hulle Christene is, verduur hulle isolasie en diskriminasie. Bid dat God hulle sal versterk om in hul geloof en te midde van swaarkry die sout en lig in hul gemeenskap te wees.

28 China

Sowat 30 miljoen etniese Moslems bly in China. Hulle vrees God se straf en het geen gerusstelling oor Sy aanvaarding, vergifnis of die ewige lewe nie. Bid dat hulle Jesus sal leer ken en Hom as hul Here en Redder sal ontvang.

29 Maleisië

Pastoor Daniel*, h inheemse pastoor, is bekommerd oor sy gemeentes. Heelwat mense in sy klein, arm dorpie het positief getoets vir Covid-19. Baie van die dorpenaars werk as daaglikse loonarbeiders. Bid vir hul spoedige herstel en dat hulle weer sal kan werk om h inkomste te verdien.

30 Indonesië

Vroue is h noodsaaklike deel van die liggaam van Christus. Bid dat vroue wat ons vrouekonferensie bygewoon het, dit wat hulle geleer het sal gebruik in hul lewens as susters, moeders, dogters en as deel van die Liggaam van Christus. Mag hulle vrugbare lewens hê wat tot eer van God is.

*Verteenwoordigende foto's is gebruik en name is weens sekuriteitsredes verander.

Alle inligting was korrek teen druktyd.

Vervolg  Maar nooit alleen.



Geopende Deure

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa
www.opendoors.org.za

Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

E southafrica@od.org

 064 867 4730